# LAERSKOOL BOEREFORT

# INLIGTINGSTUK 2025

# GRAAD 1

**<u>INHOUDSOPGAWE</u>:**

1. Verwelkoming
2. Algemene inligting
3. Klaswerk
4. Huiswerk
5. Wenke
6. Dissipline
7. Optrede van u kind by die skool
8. Eetgewoontes en kosblikke
9. Verjaarsdagpakkies
10. Skryfbehoeftes
11. Slaaptyd
12. Versoeke
13. Afwesighede
14. Whatsapp Groepe
15. Belangrike skoolreëls/skooldrag/tasse
16. Skoolgeld 2025
17. Naskool
18. Slaagvereistes
19. Personeel
20. Kontakbesonderhede van die skool

## 1. VERWELKOMING

Liewe ouers

Baie welkom by Laerskool Boerefort.
Ons vertrou dat Graad 1 vir u en u kind ‘n baie positiewe ervaring sal wees wat die basis sal vorm van ‘n lang en gelukkige skoolloopbaan.

## 2. ALGEMENE INLIGTING

### 2.1 Skooltye:

- Die skool begin vir alle leerders daagliks om 07:20. Graad 1 leerders verdaag die 1ste 3 dae, 15 tot 17 Januarie om 12:30 en daarna elke dag om 13:15.
- Leerders wat ‘n ouboet of –sus in die skool het, bly in hul eie klas (naskool leerders uitgesluit) onder toesig tot die res van die skool om 13:30 verdaag.
- Naskoolleerders verdaag direk na skool na die naskool-lokaal.

**LW: Geen hekke sal soggens oopmaak voor 6:45 nie.**
**Geen ouers mag die terrein betree mits hul ‘n afspraak met iemand gemaak het (ouers moet dan eers aanmeld by die kantoor – gebruik hek in 4de Laan). Draaihekke is slegs vir leerders (Draaihek brief is aangeheg).**
**Ouers moet wag by hekke vir leerders.**

### 2.2 Gewone klere

- Gewone klere mag gratis met verjaardae gedra word.

### 2.3 Besittings

- Merk asb. al u kind se skoolklere, skoene, skryfbenodigdhede, kosblikke en naskoolsakke.

### 2.4 D6 kommunikasie

- Kyk daagliks vir belangrike inligtingstukke in u kind se tas en stuur antwoordstrokies so gou as moontlik terug.
- Alle Ouers word versoek om asb. die d6 Connect Toep op selfone af te laai. Installeringsinstruksies is hierby aangeheg. Belangrike kennisgewings word op hierdie platform versprei.
- Weeklikse omsendbriewe word per D6 Connect en e-pos versprei op Vrydae.
- Indien u e-posadres of kontaknommer sou verander, is dit u as ouer se verantwoordelikheid om die skool daarvan te verwittig.
- Maak asseblief seker u lees huiswerkbriewe en/of omsendbriewe op D6. Daar word dikwels navrae gedoen by klasonderwysers of die kantoor oor inligting wat duidelik uiteengesit.



### 2.5 Kurrikulum

- Ons volg die "CAPS" beleid. CAPS is Engels vir KABV wat staan vir Kurrikulum en Assesseringsbeleid-verklarings. Dit behels in kort dat ons werk doen wat aan ons voorgeskryf word deur die Departement van Onderwys en dat alle skole dieselfde werk op min of meer dieselfde tyd doen.

### 2.6 Siektes / Allergieë

- Die skool moet in kennis gestel word indien u kind enige siektes/allergieë het asook wanneer u kind tydens skoolure medikasie moet neem.
- Allergie inspuitings/medikasie kan in die kantoor gestoor word sou daar 'n noodgeval plaasvind. Gesels asb. met u kind se voogopvoeder asook met die administratiewe dames en merk medikasie duidelik met u kind se naam en aanwysings.

### 2.7 Oueraande

- Dit is belangrik dat u die eerste ouervergadering op Dinsdag 14 Januarie om 07:00 sal bywoon om verdere inligting van elke klasonderwyser te ontvang. Bring asseblief u kind se skryfbehoeftes solank saam – dit help om die las ligter te maak vir die 1ste skooldag.
- Daar vind kwartaalliks oueraande plaas. Dit is verpligtend vir ouers wat uitnodigings ontvang na aanleiding van hulle kind se rapport en vordering. Ouers wat nie 'n uitnodiging ontvang nie, is steeds welkom om hulle kind se voogopvoeder te kom sien.

### 2.8 Gelde

- Stuur alle gelde in 'n koevert of plastiek sakkie. Merk asb. duidelik waarvoor die geld is. Kinders vergeet gou en dan weet ons nie waarvoor die geld is nie. Soms word geld ook gestuur vir verskillende dinge – dui dit asseblief duidelik aan.
- **<u>NB</u>**: Ons hou geen kleingeld in die klasse aan nie, dus vra ons dat korrekte gelde/bedrae gestuur sal word asseblief.

## 3. KLASWERK



**<u>Die Eerste Kwartaal</u>:**
Die basiese voorbereiding vir Graad 1 tydens hierdie kwartaal is baie belangrik. Ons begin met eenvoudige knip, plak, inkleur, vorm-herkenning, visuele en ouditiewe analise en sintese, korrekte potloodgreep en sithouding en 'n basiese vaslegging van vaardighede wat tydens die vorige onderrigjaar aangeleer is. Daarna word die werk moeiliker en meer formeel.

Daar word daagliks probleemsituasies aan leerders gestel wat selfstandig opgelos moet word. Elke leerder werk teen sy/haar individuele vermoë. Daar word geleentheid geskep vir leerders om saam met ander leerders te werk. Leerders moet egter nou begin leer om binne 'n gegewe tydsraamwerk opdragte af te handel.
Aan die einde van die eerste kwartaal word 'n verslag vir u as ouer huis toe gestuur wat die vordering van u kind tydens die program aandui.

Tydens die Kwartaal sal u op hoogte gehou word van probleme wat u kind in sekere areas mag ondervind en ons pleit vir noue samewerking tussen u as ouer en ons as personeel.

**Lees**
Die kind verwerf taal (en leer lees) met sy hele wese – gevoel, verbeelding, onderbewussyn en verstand (linker- en regterbrein). Al vier die fasette van taal, naamlik luister, praat, lees en skryf, is hier ter sprake.
Die kind kry woordlose boekies om te "lees" wat later opgevolg word deur boekies met woorde. Aanvanklik sal hy/sy die woordjies memoriseer, maar geleidelik herken hulle meer en meer woordjies tot hulle uiteindelik werklik kan lees.

By die lees van die stories word die inhoud van die prente en die teks gebruik om te voorspel wat gaan gebeur, om die inhoud te bevestig en om die gebeure uit te brei.

**Klanke**
Ons begin sommer vroeg al met die bekendstelling en aanleer van klanke. Soos dit aangeleer word sal dit ook vervat word in eenvoudige huiswerkopdragte. Dit sal dan spoedig oorloop in die skryf van woorde en later sinne. U kan gerus woordspeletjies speel om dit uit te bou, soos bv. "Wat rym met kat / Wat begin op dieselfde manier as groot / Ek sien iets met my kleine ogies wat begin met…". Later skryf hulle spelwoorde op Vrydae wat tel vir hulle rapportpunt.

**Wiskunde**
Vir die ontwikkeling van getalbegrip maak ons baie gebruik van probleemoplossing waarin die kind syfers op 'n prettige manier ontdek. Leerders sal begin deur konkrete apparaat te gebruik, bv. tellers, knope en krale. Hy/sy sal vir 'n tydjie met konkrete apparaat werk en dan geleidelik oorbeweeg na die abstrakte. Telaktiwiteite is deurgaans 'n belangrike aspek. Speel gerus getalspeletjies soos bv. "Hoeveel wiele het ma en pa se kar saam / tel almal in die motor se ore, hande ens. saam." Begrippe rondom tyd (vroeg, laat, oggend, voor, na, more, gister…) moet vir die leerders maklik en duidelik wees.

**Assessering**
Assessering vind deurgaans deur die kwartaal plaas soos wat 'n begrip of konsep afgehandel word.

Die Gr 1 leerders het 2 x per week Sepedi, waartydends hul onderrig ontvang in basiese woordeskat in Sepedi. Die Departement van Onderwys het sedert 2018 die onderrig van 'n Afrika-taal in die Grondslagfase verpligtend gemaak.

## 4. HUISWERK

Die leerders ontvang Maandae 'n huiswerkblad met die hele week se huiswerk. Dit word in die huiswerkboek geplak.

Maak asb. seker dat u daagliks hierdie huiswerk deurgaan. Daar is dikwels belangrike inligting vir u en u kind bv. 'n praatjie wat voorberei moet word of kunsbenodigdhede wat gestuur moet word.

U moet asb. DAAGLIKS by u kind se huiswerk teken, ook as u kind in die naskool is.

Alle huiswerk wat gegee word, is vaslegging van dit wat reeds in die klas behandel is.

Huiswerk word nie deur die juffrouens nagesien nie. Dit is u verantwoordelikheid om toe te sien dat alles korrek gedoen is. Ons kontroleer slegs of die huiswerk wel gedoen is.

Rig asb. ‘n spesiale plekkie in waar u kind elke dag sy/haar huiswerkies kan doen. Dit help kinders baie om ‘n goeie roetine te kweek as hulle elke dag op dieselfde plek en tyd sit en werk.

Moedig u kind aan om so netjies as moontlik te werk, prentjies baie mooi uit te knip en te plak, te omlyn en in te kleur. Dit is egter belangriker dat elke poging raakgesien en waardeer moet word, as wat dit is dat alles perfek moet wees. Onthou asseblief dat u kind nog leer en groei. Moet daarom asseblief nie die onmoontlike van hom/haar verwag nie.

- Doen eerder elke dag ‘n stukkie huiswerk, as wat u die hele week se huiswerk in een middag probeer afhandel. Buiten dat kinders verkeerdelik leer dat tuiswerk nie iets is wat hulle elke dag hoef te doen nie, is dit baie vermoeiend vir hulle lyfies. Dit maak jong kindertjies baie maklik negatief teenoor skool en huiswerk.
- Sien asseblief toe dat u kind elke dag **tuis lees**, al ken hy/sy die les.



## 5. WENKE VIR GRAAD 1 OUERS

Die skool stel hoë eise aan ‘n kind en die tempo is vinnig. Dit is dus belangrik dat u kind gereed moet wees vir formele onderrig.

Leer u kind so gou moontlik om selfstandig en op sy eie van die hekkie na sy klas te stap.

<u>Ons lig graag ‘n paar aspekte uit</u>:
- Maak jou kind ***<u>emosioneel</u>*** gereed. Moet hulle nie bangmaak met stellings soos: “Wag tot jy in Graad 1 is…” nie, of hulle met die onderwyseres dreig nie. Hulle moet met vrymoedigheid skool toe wil kom en veilig voel by hulle juffrou.
- Help jou kind om ***<u>selfstandig</u>*** te wees. Moedig u kind aan om sy/haar eie tas te dra en te pak. Moet nie vir hulle iets doen wat hulle self kan doen nie! ‘n Graad 1 kind moenie meer deur ‘n ouer “gedra” word nie.
- Wees ***<u>konsekwent</u>*** met dissipline, volg reëls en straf sodat hulle sekerheid het en geborge voel, maar stel duidelike grense. Dit help jou kind om in die klaskamer gedissiplineerd op te tree en opdragte uit te voer.
- Sorg dat u kind ‘n goeie ***<u>nagrus</u>*** kry. As ‘n Graad 1 kind moeg is op ‘n dag waartydens belangrike werk gedoen word en hy absorbeer nie die inligting nie, is hy daardie trappie op die leer kwyt! As die eerste trappie misgetrap is, is die tweede trappie net soveel hoër; **DIT GELD OOK VIR ONNODIGE AFWESIGHEDE!**
- Leer u kind om te ***<u>luister</u>***. Praat slegs een maal en moenie opdragte herhaal nie.
- Leer hom/haar om ***<u>gesag</u>*** te aanvaar en te respekteer.

- Kweek van die begin af ‘n vaste ***roetine*** ten opsigte van slaaptyd, etenstyd, TV kyk en huiswerk doen.  ‘n Kind voel veilig in ‘n roetine met dissipline.
- Staan betyds op sodat leerders rustig kan klaarmaak om sodoende spanning uit te skakel.  (Hou verkeersknope in gedagte).
  Besorg leerders asb. betyds by die skool. Leerders wat gereeld laatkom mis ‘n belangrike deel van die skoolwerk, aangesien 'n vaste roetine daagliks gevolg word, en hulle mis dan daardie aktiwiteite.
- Sorg dat u kind altyd presies weet wat die reëlings na skool met betrekking tot kom haal, sport, naskool-sentrums en ander aktiwiteite is.
- Waak asb. teen ‘n oorvol program vir u en u Graad 1 kind.  Maak doelbewus tyd vir natuurlike en kreatiewe SPEEL.

**<u>As voorbereiding vir skool moet sesjariges:</u>**

- Eenvoudige instruksies kan volg en kan luister.
- Hulle eie naam korrek kan skryf (eerste naam is gewoonlik voldoende) en hulle volle name kan herken (eerste naam en van – geskryf met ‘n hoofletter en daarna kleinletters).
- Tot twintig kan tel en getalle van 1 tot 10 kan herken.
- Hulle self kan aantrek – ritse, knope en gespes kan vasmaak – en hulle veters kan knoop (meisies ook, want hulle dra tekkies vir sport!).
- Self hulle neuse kan blaas.
- Weet hoe om alleen ‘n toilet te gebruik en hulle hande daarna te was.
- Hulle eie besittings kan identifiseer: tas, klere en kosblikke.
- ‘n Kontaknommer van hulle ouer(s) / voog ken en hulle adres.
- Selfversekerd genoeg wees om nuwe dinge te wil probeer.
- Regs en links kan onderskei.
- Basiese vorms en kleure kan herken.
- Vetkryte, skêre en potlode kan hanteer.
- Weet wanneer hulle verjaar.

## 6. DISSIPLINE

**Kinders het grense nodig.  Hulle voel veiliger en neig om te floreer as hulle weet dat daar grense bestaan.  Hulle moet presies weet wat die reëls is en wie dit afdwing. Grense is hulle veiligheidsnet – dalk kry hulle dit nooit nodig nie, maar die veiligheid lê reeds daarin dat dit wel bestaan!  Hulle mag dalk nie graag erken dat u die gesagspersoon is nie, maar hulle is tog gelukkig dat u wel is.**



Praat asb. met u kind oor dissipline. Sommige kinders het ‘n groot probleem met gehoorsaamheid en die aanvaarding van dissipline. Hulle praat ongelooflik baie en sal net nadat juffrou vir stilte gevra het weer hulle gesprek voortsit.
Praat ook oor die fyner punte soos respek vir ander se persoonlike besittings.  Ons kry gereeld klagtes dat kinders in ander se tasse, pennesakkies en kosblikke krap.  Ons ervaar dit selfs dat ‘n kind by die tafel kom staan en in juffrou se penneblik of handsak krap.  Dis persoonlike eiendom en hulle moet dit leer.

Praat asb. net **EEN** keer en tree dan streng op. So leer hulle om te luister. Ons moet in die klas tot 4 maal praat voor almal reageer. Dit skep werklik ‘n groot probleem want hope tyd word gemors en klaswerk raak agter.

Ons het steeds ‘n detensiestelsel. Indien u kind ‘n brief ontvang, ontvang dit in die regte gees, teken dit, praat met u kind en sien toe dat hy die detensieklas bywoon. As hy ‘n brief kry weet verseker dat dit nie sy eerste oortreding is nie. Die detensiestelsel word volledig uiteengesit in die skooldagboek wat aan die begin van die jaar aangekoop word. Vergewis uself asseblief van al die nodige inligting.

Maak asseblief ‘n punt daarvan om gereeld op die D6 toep na u kind se dissipline verslag te kyk. Geen SMS’e gaan meer in die toekoms uitgestuur word nie.

## 7. OPTREDE VAN U KIND BY DIE SKOOL

Aanvaar asb. dat u kind nie dieselfde by die skool as by die huis optree nie. Groepsdruk en maats se invloed speel 'n groot rol. Wanneer ons u kontak om 'n probleem te bespreek kan u maar luister – ons kontak u gewoonlik eers nadat die kind al 2 waarskuwings gehad het.

Onthou altyd, 'n storie het twee kante. U hoor gewoonlik net een. Definitief die een waar hy moet duidelik maak dat hy eintlik onskuldig is.

## 8. EETGEWOONTES EN KOSBLIKKE

Eetgewoontes speel 'n groot rol in die kind se optrede en prestasie. Let asb. op wat u hulle gee om te eet. Sommige kossoorte is "gif" vir 'n kind wat effense konsentrasieprobleme het. Ons sien ook kosblikkies met 'n pakkie koekies, pakkie skyfies en lekkergoed. Ons weet die lewe is 'n gejaag en dat elkeen 'n baie besige program volg. Probeer maar om die gewone broodjies en dalk 'n vruggie in te sit. Maak maar die broodjie in die aand en sit dit in die yskas. Maak asseblief seker u kind het kossies, sodat hy/sy nie by maatjies hoef te “bedel” nie. Laat weet gerus as daar probleme is – daar is hulp vir behoeftige gesinne.

## 9. VERJAARSDAGPAKKIES

´n Sakie wat elke juffrou ´n hele paar grys hare besorg is verjaardagpakkies. Ons wil u verseker dat wanneer u kind verjaar ons graag die dag met hulle wil deel en geniet MAAR groot klasse en geriewe laat nie toe dat ons in die klas ´n groot verjaardagkoek kan sny en aan elke maatjie in die klas ´n stukkie gee nie. Dit is gewoonlik ‘n groot taai en krummelrige gedoente. Stuur asb. net ´n verjaardagpakkie of ´n "cupcake". Ons deel dit graag uit. Groot koeke sal die middag net so ongesny weer huistoe gestuur word.

## 10. SKRYFBEHOEFTES

Kontroleer en vra asb. gereeld of u kind nog genoeg potlode, inkleurpotlode, gom of 'n liniaal het. Sonder skryfbehoeftes is dit onmoontlik om die dag in die klas te werk. Wanneer u sien dat 'n potlood kort raak - gee 'n nuwe een. Hulle mag nie skryf met 'n potlood wat korter as hulle pinkie is nie.

Die spreekwoord sê: “Goedkoop koop is duurkoop” en dit is ongelukkig waar as dit kom by potlode en inkleurkryte. Goedkoper potlode breek baie maklik en kinders moet dit aanmekaar skerpmaak. Gevolglik word dit baie vinniger opgebruik as die duurder, maar beter kwaliteit soorte. Belê gerus daarin om die gevraagde Staedtler-maak te koop, dit hou baie langer.

Ons gebruik nog nie liniale in Graad 1 nie (soos aangedui op die skryfbehoeftelys), dus kan dit maar tuis bly. In Graad 1 bly u kind se pennesakkie in die stoelsak en gaan dit nie elke dag huistoe nie. Ons het in die verlede gevind dat dit te dikwels tuis vergeet word. Indien u kind in die naskool is, moet hy/sy ‘n aparte pennesakkie in die tas hou vir huiswerk by die naskool.

Die skryfbehoeftelys maak voorsiening vir die hele jaar se benodighede. Stuur asb. ekstra skryfbehoeftes in ´n roomysbak met u kind se naam op skooltoe. Dit word in die klas gehou en soos wat u kind se voorraad opraak vul ons dit hieruit aan. **Merk asseblief alle skryfbehoeftes.**

## 11. SLAAPTYD

Graad 1 kinders moet genoeg slaap kry. Sien asb. toe dat die kinders elke aand vroeg gaan slaap, veral Sondae. Nie later as 20:00 nie.

## 12. VERSOEKE

- **Merk al u kind se besittings!**
  Moenie iets skool toe stuur indien dit nie gemerk is nie en wys u kind waar die item gemerk is. Onthou, voorletters is nie genoeg nie. Gebruik vaswerk- of vasstryketikette vir klere. Probeer om nie bo-oor bestaande etikette te skryf nie, want dit hou nie. Tippex werk baie goed om skoene en ander donker sakke te merk. Moenie van truie, baadjies en sweetpakke vergeet nie. Dit is ook deel van die skooldrag en moet dus gemerk wees.

- **Baie belangrik**: ouers moet asb vir kinders by die hekke wag en nie iewers inglip en by die klas of op die terrein wag nie. Leerders moet van die begin af die korrekte roetine aanleer, maar moet ook weet wie gaan hulle by die hek ontvang - sodat hulle nie nodig het om angstig te wees nie. Vir die eerste paar weke stap juffrou saam met die hulle tot by die hek, of word naskoolleerders deur assistente by die klas kom haal. Daar is dus geen rede vir vrese of onsekerhede nie. Met die installering van die draaihek stelsel mag geen ouers deur die draaihekke beweeg nie. Ouers mag slegs die skoolterrein betree via die kantoor en die ingang in 4$^{e}$ Laan. Ouers sal slegs toegelaat word as daar ‘n afspraak gemaak is.



## 13. AFWESIGHEDE

Dit is uiters belangrik dat u kind elke dag skool moet bywoon. Waak teen onnodige afwesighede, want swak skoolbywoning kan veroorsaak dat u kind moontlik die graad moet herhaal.

Daar word daagliks 'n groot hoeveelheid nuwe werk behandel en indien u kind afwesig is, verloor hy/sy ongelooflik baie werk en laat dit 'n gaping in die kennis wat hy/sy moet verwerf.

Daar word gereeld Deurlopende Assesserings gedoen en dit is soms moeilik om leerders wat gedurig afwesig is, se werk in te haal.

Volgens Departementele voorskrifte moet u die skool voorsien van 'n afwesigheidsbrief / verskoningsbrief vir **elke afwesigheid**. Indien u kind meer as 2 dae agtereenvolgend afwesig is, moet 'n doktersbrief ingehandig word.

Indien 'n leerder laat is weens onvoorsiene omstandighede, moet u asb. die skool so gou moontlik daarvan verwittig voordat registers voltooi word. Leerders wat na 7:30 by die skool opdaag word afwesig gemerk tensy u reëlings getref het.

Waak asb. daarteen om u kind onnodig tuis te hou as hy/sy nie lekker voel nie. Stuur net 'n briefie saam skool toe en juffrou sal hom/haar mooi dophou. Daar is al dikwels in die verlede ondervind dat leerders geneig is om onnodig te kla en eintlik sommer weer heerlik saamspeel as hul tussen hul maats kom.

Indien 'n kind werklik siek voel of siek word deur die dag sal die skool u onmiddellik daarvan in kennis stel.

Let asb. daarop dat indien u kind wel siek is en hy/sy medikasie moet neem by die skool, moet u asb. dit aan die personeel kommunikeer en self die medikasie voorsien. Die skool mag geen medisyne verskaf nie.

Waak asb. ook daarteen om u kind op 'n gereelde basis vroeg uit te teken (veral op 'n Vrydag). Ons merk op dat ouers baie dikwels leerders vroeër uitteken, wat veroorsaak dat hulle heelwat werk verloor. Die leerprogram is baie vol en ons werk regtig tot die einde van die dag. Indien leerders uitgeteken word moet 'n BF2 vorm **vooraf** voltooi word en die versoek moet vooraf deur die skoolhoof goedgekeur word.

## 14. WHATSAPP GROEPE

Die gebruik om Whatsapp groepe per klas te stig soos in die verlede, is vanaf vanjaar nie meer in gebruik nie. Ons het gevind dat ouers ongelukkig misbruik gemaak het van hierdie voorreg.

Ons wil graag hê dat ons kinders selfstandigheid en verantwoordelikheid moet leer, maar dit kan nie plaasvind as ons ouers alles vir hul kinders doen en kinders nie leer om self boodskappe en inligting oor te dra nie.

Daar is dus besluit dat geen Whatsapp groepe sal voortgaan of gestig word nie en dat onderwysers nie meer per Whatsapp beskikbaar sal wees nie.

Die skool se amptelike kommunikasie middel is D6 en ALLE inligting wat ouers en leerders moet weet word op D6 gedeel en weekliks in die omsendbrief uiteengesit. Ouers ontvang ook inligting via e-posse. Verder het elke graad ‘n huiswerk bladsy wat leerders weekliks ontvang waarop ander belangrike inligting wat per graad van toepassing is, gedeel word.

Die skool is in die proses om ‘n e-pos stelsel in werking te stel, met ‘n skool e-pos adres vir elke onderwyser. U gaan dus enige tyd aan u kind se onderwyser ‘n e-pos kan stuur indien daar navrae is.

Indien daar enige dringende sake is wat onder ‘n onderwyser se aandag gebring moet word, bv. ‘n kind wat siek is, kan u ‘n nota in u kind se skooldagboek aan die onderwyser skryf. Die aankoop van die skooldagboek is verpligtend vir alle leerders, en is juis daar om as kommunikasie middel tussen die ouer en onderwyser te dien.

Ouers wat onderwysers wil spreek gaan asb. ‘n afspraak moet maak deur ‘n nota in die skooldagboek of deur die kantoor. Aangesien die draaihekke slegs “eenrigting verkeer” toelaat, sal ouers slegs via die toegangshek in 4de Laan en die kantoor die skoolgrond kan betree. Hulle gaan geen ouer toelaat indien daar nie vooraf ‘n afspraak gemaak is nie.

Daar gaan wel geleenthede wees soos oueraande of sportgebeure waar toegang tot die rugbyveld verleen gaan word. Hierdie geleenthede sal vooraf gekommunikeer word.

Hierdie gaan dus meebring dat u as ouers ook die verantwoordelikheid moet neem om alle kommunikasie, omsendbriewe, D6 boodskappe ens. deeglik deur te lees en u te vergewis van inligting voordat u onnodige navrae aan die kantoor rig.

## 15. BELANGRIKE SKOOLREëLS / SKOOLDRAG / TASSE

Elke leerder sal voorsien word van die skoolreëls. Gaan dit asb. deur en bespreek dit met u kind. Let veral op na die reëls t.o.v. afwesighede en skooldrag. Die reëls vir gewone klere is net so belangrik.

### 15.1 Dogters:

Skoene: Standaard swart met een bandjie oor voetbrug of standaard swart rubbersool / toerygskoene. Somer opsioneel.
Kouse: Kort groen of wit sokkies.
Trui: Bottelgroen skooltrui / pull over / Dri-mac baadjie met wapen.
Serpe: In die winter; slegs bottelgroen.
Drag: Somer: Geruite broekrompie en gholfhemp.
Winter: Grys langbroek met wit langmouhemp.

### 15.2 Seuns:

Skoene: Standaard swart rubbersool toerygskoene. Somer opsioneel.
Kouse: Grys kniekouse.
Broek: Standaard grys wasbare kortbroek in die somer.
Grys wasbare langbroek met swart gordel in die winter.
Hemp: Somer: Grys kortmouhemp.
Winter: Grys langmouhemp.
Trui: Bottelgroen skooltrui / pull over / Dri-mac baadjie met wapen.

**KDA kleredrag / sportdrag:** Sportbroekie, gholf t-hemp of moulose atletiekhemp. Beide seuns en dogters kan die broekie en hemp dra vir ander sportsoorte.

Hierdie klere sal by die skool aangetrek word tydens 2de pouse. Dit is nie verpligtend vir Graad 1's nie maar dit word egter wel vereis indien u kind aan sport deelneem.
**Skooltas:** Enige tas met afskortings of boks-tasse (Cadii) is aanvaarbaar. Boeke verniel in rugsak.

**15.3 Riglyne vir die dra van skooldrag:**

- Skooldrag mag nie met ander klere gemeng/gedra word nie, bv. Windbrekerbaadjie met plakkies of hoedjies of tekkies, ens.
- Langbroeke mag nie sonder die regte skoene gedra word nie.
- Truie of baadjies se moue mag nie opgetrek word nie.
- Amptelike skoolaktiwiteite moet in die korrekte skooldrag bygewoon word.
- Geen hempies mag onder 'n oopslaankraag gedra word nie.
- Geen handtekeninge, slagspreuke, ens. mag op skoolklere aangebring word nie.
- Serpe: Slegs wit of bottelgroen.
- "Boxer shorts" mag nie uitsteek nie.
- Geen hoede/pette.
- Skoolhemde moet ten alle tye ingesteek wees, ook na skool en op straat.
- Dogters hare bykomstighede: slegs wit, bottelgroen of geel/goud.

**15.4 Leweransiers:**
**SELECT UITRUSTERS:**
H/v Soutpansbergweg en Cobhamstraat Queenswood / Tel: 012 333 3319
**SILVER CROSS:**
Eeufeesstraat 248, Pretoria-Noord / Tel: 012 546 6525
**TOTIUSDAL HANDELSHUIS:**
773 Codonia Ave, Waverley, Pretoria, 0186 / Tel: 012 332 0016
**SCHOOLWEAR HUB**
325 De Beer Straat, Wonderboom-suid, Pretoria, 0084. (Daar sal 'n skoolklere winkel op die skool terrein beskikbaar wees).

## 16. SKOOLGELD 2025

**Skoolgelde word vasgestel met die Algemene Jaarvergadering.**
**Skoolgelde is ten volle betaalbaar op die eerste skooldag van 2025 of met inskrywing,** maar ´n afbetalingsooreenkoms kan aangegaan word met L/S Boerefort.

**Skoolgelde beloop as volg:**

- R15,450.00 per jaar (R1 545.00 x 10 maande)
- ***NB!!! - Skoolgelde is betaalbaar oor 10 maande. Vanaf einde Januarie tot en met einde Oktober 2025.***
- Skoolgelde word gehef ongeag die skoolvakansies - u moet steeds dié maande betaal.
- Boekgelde – R1200.00 per leerder per jaar vir ouers wat 100% vrystelling ontvang, leerders in pleegsorg (waar amptelike hofdokumente in plek is) en alle ouers wie se maandelikse bedrag op minder as R100.00 per maand uitwerk na berekening.

**Afslag soos volg van toepassing:**

- Indien skoolgelde maandeliks, vooruit, op datum betaal is en die uitstaande balans vir die jaar teen 30 April 2025, is u geregtig op afslag van 8,5% = R1310(afgerond).

- Indien ´n ouer nie die volle skoolgelde kan betaal op die eerste dag van skool nie, kan daar ´n afbetalingsooreenkoms aangegaan word vir afbetaling aan die einde van elke maand vanaf einde Januarie tot en met einde Oktober 2025.
- Sodra daar een maand nie betaal word nie, val die voordeel van afbetaling weg en is die volle bedrag onmiddellik betaalbaar.
- **NB!** – Die vergunning van afbetaling verval indien 'n ouer nie sy maandelikse paaiemente byhou nie. Die volle bedrag is dan onmiddellik betaalbaar. Indien ´n agterstallige rekening oorhandig word vir invordering, sal die volle bedrag wat uitstaande is vir jaar, oorhandig word.
- **Wolkskool –** Skoolgeld sluit gratis toegang tot Wolkskool in. Wolkskool sal gebruik word vir verrykende aktiwiteite en hulp met tuiswerk. Gebruik gerus vir verryking.

## 17. NASKOOL

**Laerskool Boerefort bedryf hul eie naskool.**
**(volledige inligting sal voorsien word met die Naskool Inskrywingsvorm)**

**Naskoolgelde beloop as volg:**

- R10 440.00 per jaar (R870.00 x 12 maande)
- Registrasiefooi van R150.00 betaalbaar met jou eerste paaiment.
- Alle gelde is streng vooruit betaalbaar oor 12 maande vanaf 1 Januarie tot en met 1 Desember 2025.
- Indien die gelde nie vereffen is nie sal u kind onmiddelik die naskool moet verlaat totdat die volle rekening vereffen is en u rekening sal oorhandig word vir invordering.
- Gelde sluit in Ligte Middagete en Vakansiesorg.

**Tye:**

- Die Naskool funksioneer daagliks van direk na skool en sluit stiptelik om 17:30
- Ons is oop tydens alle vakansies, behalwe publieke vakansiedae en tussen 16 Desember en 3 Januarie (heropen 4 Januarie).

**Etes:**

- ´n Ligte middagete sal daagliks direk na skool voorsien word.
- Gedurende die vakansie sal GEEN ontbyt voorsien word nie, slegs middagete.

**Dagsorg:**

- Neem kennis dat die skool sluit tydens die skoolvakansies.
- Ons het ´n dagsorg diens – Tariewe is as volg indien die kind nie in die Naskool is nie:
  Voldag (06:00 – 17:30) R60.00 per dag met middagete

Dagsorgvorms is voor elke vakansie beskikbaar.

- LW: Die Naskool funksioneer apart van die klas, dus moet alle navrae of klagtes rakende die naskool met die naskoolpersoneel opgeneem word.

## 18. SLAAGVEREISTES

Leerders moet die volgende punte of hoër ontvang om te kan slaag.
Wanneer u kind in net **een** van die vakke nie die vereiste punt behaal nie voldoen hy/sy nie aan die slaagvereistes nie:

| Vak | Vlak 4 | Vak | Vlak 3 | Vak | Vlak |
|---|---|---|---|---|---|
| Afrikaans HT | d.w.s 50% of hoër | Engels EAT | d.w.s 40% of hoër | Wiskunde | d.w.s 40% of hoër |

## 19. PERSONEEL

Ons skool het tans drie Graad 1 klasse met 'n assistent wat roteer.

Hierdie drie dames beplan weekliks saam en dieselfde werk word op min of meer dieselfde tyd in die klas behandel. Elke les word dan deur die betrokke juffrou persoonlik "ingekleur" en aangebied.

## 20. BELANGRIKE KONTAKBESONDERHEDE VAN DIE SKOOL

De Beerstraat 325, Wonderboom-Suid, 0084
Tel: 012 335 2841
Posbus 31619, Wonderboompoort, 0033

Webblad: www.boerefort.co.za

| | | |
|---|---|---|
| E-pos: | Algemeen | boeries@boerefort.co.za |
| | Skoolhoof | hoof@boerefort.co.za |
| | Adjunkhoof | adjunk@boerefort.co.za |
| | Finansies | rekeninge@boerefort.co.za |
| | Admin | admin@boerefort.co.za *(omsendbriewe)* |
| | Kantoor | ontvangs@boerefort.co.za |
| | Klagtes | klagtes@boerefort.co.za |
| | Juffrou Stella | Stella.Vermaak@boerefort.co.za |
| | Juffrou Annemie | Annemie.vanWyk@boerefort.co.za |
| | Juffrou Anke | Anke.JansenvanRensburg@boerefort.co.za |

**'N FINALE GEDAGTE**

Geniet en benut die tyd wat u met u kind deurbring.
Saamwees tyd is kosbare tyd.
Werk saam met u kind se onderwysers.
Werk saam met die skool eerder as daarteen.
Indien daar iets is wat pla, praat
met die persone betrokke en
moenie by ander ouers kla nie.
Die belangrikste bly nog – <u>WEES LIEF VIR U KIND</u>!

Jap trap staan ons op
Dis die groot dag
Ma gou, kam my kop
Ek kan nie laat hul vir my wag!

Jy lyk nog so klein om weg te stuur
vir jou eerste dag net oor n uur
Jou nuwe skool en als wat vir jou inhou
die a b c`s, ek wil jou net vashou

Die nuwe maaitjies wat jy gaan maak,
lekker speel en baie praat,
Huiswerk huis toe bring
en by die skool al te lekker sing!

In die saal sit jy angstig en wag
sodat juffrou jou naam uit roep nog vandag!
Dis my naam! Skreeu jy klip hard
gryp jou groot    ase n vat die pad

Met ‘n glimlag van oor tot oor
Voel dit of ek van binne versmoor
Dis my baba, wat skool toe gaan
As daar n traandruppel val sal jul dit verstaan?

My keel druk ‘n knop
Skiesie mamma pasop
Ek moet n stoel gaan kies
Met haar handjie waai sy vir my totsiens.

- *Skrywer onbekend*


d6 connect
Stap-vir-stap gids hoe om die d6 Connect Toepassing af te laai
Selfone & Tablette Aflaai Proses
Android
1. Besoek die Google Play Store
2. Soek vir 'd6 Connect'
3. Kliek op die 'Install' knoppie
4. Sodra die program geïnstalleer is, kan u inteken *
Get it on Google play
iPhone / iPad
1. Besoek die iTunes App Store
2. Soek vir 'd6 Connect'
3. Kliek op die 'Get' Knoppie
4. Sodra die program geïnstalleer is, kan u inteken *
Available on the App Store
Bly op datum met al die nuutste aankondigings & nuus
Rekenaar Aflaai Proses
Windows Rekenaar
1. Besoek d6.co.za/education/downloads/
2. Kliek op die "Download Windows App" opsie
3. Wanneer gevra word of die dokument moet 'Run or save', kliek 'Save' en kliek daarna op 'Run'
4. Sodra die Toep. (Toepassing) geïnstalleer is, kan u inteken *
Mac Rekenaar
1. Besoek d6.co.za/education/downloads/
2. Kliek op die "Download Macintosh App" opsie
3. Volg die instruksies vir die installasie
4. Sodra die Toep. (Toepassing) geïnstalleer is, kan u inteken *
* Indien u nog nie 'n geregistreerde d6 Connect gebruiker is nie, gaan asb na bit.ly/d6ConnectRegister vir Registrasie Scenarios
Stuur asseblief 'n epos aan die d6 Connect Ondersteuningspan indien enige probleme ondervind word met die installering van die sagteware: appsupport@d6.co.za | 087 820 0088 | www.d6.co.za



Jou skool wolkskool
En jy wonder hoe om...
Om jou graad te verander
Skandeer hier
of
Klik hier
Jou kind het dus nogsteeds gratis toegang tot die platform vir verdere ondersteuning.
Stap 1
Klik op die afpyltjie langs jou naam links bo
Stap 2
Kies My Profiel
Stap 3
Klik op "Verander Graad"
Stap 4
Klik op die graad van jou keuse
Stap 5
Klik op inhoud op die linkerkantste paneel
Belangrik
Onthou om die Wolkskool-App af te laai. Die app is aanvullend tot die Wolkskool webwerf (wolkskool.co.za) en het nie al die funksionaliteite nie. Die hoofdoel van die app is om gebruikers in staat te stel om die video's af te laai vir latere gebruik waar daar óf nie internet is nie óf om data te spaar.


Ons skool is op pad na kontantlose byeenkomstes
met Betalings in d6 Connect,
aangedryf deur Sticitt Pay.
Die volgende betalings is reeds beskikbaar by ons skool:
Skoolfooie
Skoolprojekte
Skool Uitstappies
Fondsinsamelings
Kaartjie Verkope
Lootjies
Skoolklere
Handboeke
Kosstalletjies
Snoepie "Tags"
Hier is hoe dit werk:
Contactless Payments
Betalings in d6 Connect
Koppel 'n Snoepie "Tag"
Ander d6 Connect funksies

# Instruksies hoe om by Wolkskool aan te sluit


**Stap 1: Sleutel die webadres in**

Gaan na google "taskbar" en sleutel die volgende webadres in: www.wolkskool.co.za





**Stap 2: Sluit aan**

Die volgende skerm gaan op u rekenaar of slimfoon verskyn.





Die volgende skerm verskyn op u toestel, klik "sluit aan".

As u by die soek enjin Wolkskool ingesleutel het gaan hierdie skerm verskyn



**Stap 3: Skep 'n nuwe rekening**





Die volgende skerm verskyn op u toestel, klik "sluit aan"

**Stap 4: Kies die opsie leerder**




Klik op die leerder, en in die hoek sal 'n oranje regmerkie verskyn

**Stap 5: Skep 'n rekening**




Vul die leerder se naam in.

Vul die leerder se van in.


Vul die leerder se e-pos in – gebruik die naam@boerefort.co.za e-pos of u kan u eie e-pos ook gebruik.

Skep 'n wagwoord vir die leerder bv. Jannie@2008

Herhaal die wagwoord – bewaar asb.

Klik op skep rekening.

**Stap 6: Besonderhede van die LEERDER**




Klik op die pyltjie en kies watter tipe ID u kind het.


Voer u KIND se ID nommer in

Klik op die pyltjie en kies die provinsie waarin u woon.

Klik op die pyltjie en kies " Laerskool Boerefort"

Klik op stoor.

**Stap 7: Inligting van OUER / VOOG**




Vul die OUER / VOOG se naam en van in.

Vul die OUER/ VOOG se e-pos adres in. Alle komunikasie vanaf wolkskool (verslae hoe u kind wolkskool gebruik) gaan na hierdie e-pos gestuur word.

Vul die OUER / VOOG se selfoonnommer in.

Vul die OUER / VOOG se ID nommer in.

Vul die OUER / VOOG se beroep in

Klik op "Gaan voort".


**Stap 8: Kies 'n graad**

Klik op die leerder se graad waarin hy/sy tans is.





# Baie geluk u is nou ingeteken op Wolkskool!!!

**Hier is hoe die webtuiste lyk as die leerder ingeteken is.**




Die volgende skerm verskyn op u toestel, as u op inhoud "klik" sal die vakke verskyn.

Die leerder kan nou op enige van hierdie vakke "klik" en gaan kyk na video's, opdragte en assesserings.






# Skryfbehoeftes

## GR 1 2025

Merk asseblief alle items met jou kind se naam op.
R75 verpligte skooldagboek (koop by voogopvoeder)

- 3 x 12 Lang inkleurpotlode (Staedtler/Faber Castell)
- 30 HB potlode (Faber Castell/Steadtler)
- 4 x Uitveërs
- Bakkie skerpmaker
- 4x 40g Pritt
- 50 A4 gekleurde karton
- 50 A4 gekleurde papier
- 1 x 30 'flip file'
- 1 x 50 'flip file'
- Klein skêr wat materiaal kan knip
- Pennesakkie van materiaal (NIE SPACE CASE NIE)
- A4 - witbord met uitveër
- 8 Witbordpenne (2 per kwartaal)
- Denim stoelsak
- 2 x Snesies (Tissues)
- 2 x Rolle toiletpapier per kwartaal
- 1 x pakkie pleisters
- 2 Liter roomyshouer om ekstra skryfbehoeftes in te bêre
- 1 x Carry folder (plastiek)
- 1 x Denim- of Materiaalsak met ritssluiter en handvatsel om boeke in tas te plaas
- 2 x 12 Uitdraaivetkryt
- 3 Rieme A4 80gr wit afrolpapier Typek asb.
- Inkleurboek





**<u>HUISWERKBOEKE:</u>**

- 3 x A4 Waterlyne 72 bl.
- 1 x Ierse lyn skrifte 72 bl.
- 4 x A4 blokkies boek 72 bl.
- 16 x A4 dik plastiese aanglip boekoortreksels
- Skenk asb 'n Lekker Leesboekie vir Gr 1
- 1 x springtou

